# Brief por aksie aan

***Nichelle Lemmer***

Dr Gwen Ramokgopa, burgemeester van die Tshwane-metro, kan nie meer die gebalde vuiste van inwoners oor diensterekeninge ignoreer nie.

'n Brief wat inwoners se pleidooie vir beter dienslewering bevat, is gistermiddag by die burgemeester se kantoor afgelewer.

In die brief word die omvang van 'n titaniese stryd tussen inwoners en die Tshwane-metro omskryf. Die vete oor foutiewe diensterekeninge woed reeds maande lank.

Cornelius Jansen van Rensburg, woordvoerder van plaaslike sake by Afriforum, het die brief persoonlik afgelewer.

"As die burgemeester nie voor 30 September op die versoek reageer nie, sal Afriforum regstappe teen die metro neem om inwoners se regte te beskerm," sê Cornelius.

Afriforum vra dat inwoners se krag nie afgesny mag word, voordat foute op hul diensterekeninge reggestel is nie.

"Rente mag ook nie op foutiewe bedrae gehef word nie."

Die brief is een van die gevolge van 'n veldtog wat **Rekord** en Afriforum vroeër die jaar van stapel gestuur het om agter die kap van die byl te kom.

'n Ondersoek rakende die probleem, met die hulp van honderde inwoners wat aan die veldtog deelgeneem het, is reeds voltooi.

Klagtes oor die onregmatige afsny van krag en verkeerde bedrae wat op diensterekeninge verskyn stroom egter steeds in by **Rekord** en Afriforum vandat die projek in Mei begin het. Die ondersoek se uitslae is gebaseer op inligting wat van inwoners ingesamel is.

Afriforum sê in die brief dat die metro nie ooreenkomstig die wet, tegemoetkomend teenoor inwoners is nie.

Luidens die brief is die grootste probleem dat die metro nie die werklike kragverbruik van inwoners bepaal en hulle daarvolgens laat betaal nie.

"Geskatte bedrae weerspieël nie die werklikheid nie," sê Cornelius.

Hy sê ook die veldtog se navorsing toon dat metro-amptenare nie bereid is om inwoners te help wanneer hulle navraag doen oor dié hoë bedrae wat van hulle gehef word nie.

**Afriforum delivered a letter to the Tshwane metro yesterday that reflects residents' pleas for better service delivery. The mayor is expected to respond to the letter before September 30.**